HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 10 van 2024

18 September 2024

Geagte Ouers, Personeel en Leerders

Insake: Skoolevaluasie

Vanaf 26 Augustus tot en met 30 Augustus is ons besoek deur 'n eksterne Heelskool-evalueringspan vanaf die Kwaliteitsversekeringsafdeling van die GDO (Gauteng se Departement van Onderwys) se hoofkantoor.

Dit was ons eerste besoek in meer as 20 jaar en is geskeduleer deur die Departement wie na regte elke 3 jaar só 'n besoek by 'n skool moet aflê.

Hiermee dan 'n opsomming van die verslag soos verdeel in nege fokusareas volgens Departementele evaluasie-instrumente.

1. Kwaliteit onderrig & leer en onderwyser-ontwikkeling:

- Al die betrokke Departementele dokumente is beskikbaar in elke vak. Vakbeleide moet verpersoonlik word vir Randburg eerder as om generiese Departementele dokumente onveranderd te gebruik.
- Klaskamers en die skoolomgewing ondersteun leer.
- *"Google Classroom"* ondersteun leer.
- 'n Vraestelbank is beskikbaar vir onderrig en leer.
- Onderwysers se beplanning, voorbereiding en assessering is in plek.
- Departementele voorskrifte word gevolg in terme van die KABV-kurrikulum: vakinhoude, tempo van leer, assessering, moderering, rapportering, analise van punte e.a. (*KABV is die huidige Nasionale Kurrikulum-dokument vir alle grade en vakke wat voorgeskryf word deur die Departement van Basiese Onderwys.*)
- Leerders doen voldoende skriftelike werk.
- Die "*School Based Support Team*: SBST" in Randburg is die SAU. (*Sentrum vir akademiese uitnemendheid*)
  * Die SAU is uniek aan Randburg – geen ander skool lewer hierdie omvattende diens nie.
  * Die diens gelewer oorskadu die Departementele verwagtinge en doen baie meer as die vereiste minimum. Die SAU is derhalwe aangeprys vir die diens wat gelewer word.
  * "QMS: *Quality Management System*" – Personeelontwikkelings evaluering-stelsel by Randburg voldoen 100% aan die vereistes.
  * Deurlopende personeelontwikkeling word gedoen.
  * Skool se onderwysers is deel van SOS-skole se ondersteuningsprogramme en verrykende opleiding.
  * Onderwysers is betrokke by deurlopende opleiding & ontwikkelingsgeleenthede en voldoen aan die vereiste punte per siklus vir professionele ontwikkeling.

2. Leerderprestasie:

- Administrasie en rekords van leerderprestasie is volledig en akkuraat. Rekord word deeglik gehou van intervensies in geval swak prestasie van leerders. (oueraande, SNA-vorms, e.a.)
- Graad 8 & 9 vakprestasies van leerders is goed tot uitstekend behalwe in Wiskunde en in 'n mindere mate Natuurwetenskappe. (*Nota: Ons, as personeel, is reeds besig met gesprekke en konsultasies om hierdie uitdaging van die junior Wiskunde-prestasie die hoof te bied (al voor die evaluering plaasgevind het). 'n Ander kommerwekkende uitdaging is leerders se gebrek aan leeservaring en gepaardgaande woordeskat. Ons gaan beslis as skoolgemeenskap – ouers en onderwysers en leerders, hier 'n daadwerklike poging van stapel moet stuur. Ons mag* ***nooit*** *ons standaarde verlaag vir beter punte nie, wat beteken dat ons 'n paar dinge nou anders en beter sal moet begin doen. Voorafgaande is soos almal weet landswye tendense.*)
- Graad 10 – 12 prestasie is aanvaarbaar tot baie goed.
- Matriekuitslae is baie goed.
- Buitekurrikulêr bied die skool bykans 'n ooraanbod van geleenthede vir leerders.

3. Basiese Funksionaliteit van die skool:

- Daar is voldoende beleide en dokumente wat 'n hoogs funksionerende skool ondersteun.
- Skoolbywoning word baie goed bestuur en gedokumenteer. (Nota: *As skool is ons egter ontevrede met die persentasie skoolbywoning van 95%+. Ons sou eerder op 98%+ wou staan en versoek dat ouers ons hiermee sal ondersteun. Leerders bly soms te maklik by die huis*.)
- Personeel teenwoordigheid, verlof en ander administrasie is baie goed.
- Personeelvoorsiening word ook goed bestuur.
- Leerder onderwyser getalle-verhouding is gunstig en vêr onder die norm van 1:35. (*NB. Baie dankie aan al ons ouers wie die skool bemagtig tot hierdie onderwyser-kind-verhouding wat gunstig die kwaliteit van diepgaande leer ondersteun en bevorder. U skoolgelde word in oorwig tot voordeel van elke leerder hiervoor aangewend met die aanstelling van onderwysers op die diensstaat van die Beheerliggaam bo en behalwe poste soos voorsien deur die Departement.)*

4. Leierskap, bestuur en kommunikasie:

- Die Beheerliggaam funksioneer baie goed met kundige en positiewe mense wie die belang van alle kinders in die skool as eerste oorweging dien.
- Vereiste beleide is in plek.
- Die Verteenwoordigende Studenteraad ("VSR") se konstituering moet hersien word om te voldoen aan regulatoriese voorskrifte.
- Werksverdelings, pligstate, diensroosters e.a. vir personeel is korrek.
- Induksie van nuwe personeel is in plek.
- Die "SMT": *"School Management Team"* fokus op kwaliteit onderrig en leer en die daarstel van die SAU lewer 'n unieke en groot bydrae daartoe.
- Kurrikulumbestuur geskied volgens Departementele voorskrifte en verslae en dokumente word gelewer soos vereis.
- Die leerondersteuning van die skool is baie goed.
- Klasbesoeke word deur Departementshoofde gedoen.
- "CPTD: *Continuing Professional Teacher Development"* word volledig geïmplimenteer en onderwysers neem deel en voldoen aan vereistes soos bepaal deur die "South African Council for Educators", ("SACE").
- Daaglikse personeelvergaderings dra by tot die funksionaliteit van die skool.
- Die skool het 'n funksionerende "SIP: *School Improvement Plan"* wat toegepas word en areas vir ontwikkeling aandui en monitor.
- Die skool en Beheerliggaam het 'n strategiese visie vir 2025 wat deurlopend hersien word.

- Daar is 'n eenheid en gedeelde visie tussen bestuurstrukture by die skool.
- 'n Omvattende jaarbeplanning word deurlopend bygewerk.
- Effektiewe en omvattende kommunikasiekanale is geskep (e-posse, D6, Randjienuus, *Facebook, Instagram, WhatsApp*-groepe, oueraande, RNA, telefoon e.a., en almal funksioneer effektief).

5. Kurrikulum voorsiening en hulpbronne:

- Vakke soos aangebied is in lyn met Departementele voorskrifte.
- 'n Groot voordeel vir leerders is dat hulle in gr. 10 nié gebonde is tot die kies van sekere vakpakkette nie, en hul eie unieke vakkeuse kan uitoefen.
- Die aanbod van Addisionele Wiskunde as vak word aangeprys met eervolle vermelding as die top-presterende skool in Suid-Afrika in 2023 in dié vak. Verder erken die evalueringspan die skryf van "Advanced Programme Mathematics" in graad 12 soos afgeneem deur die "IEB" (Independant Examination board") as 'n ekstra geleentheid wat aan leerders gebied word.
- Die skool is goed toegerus vir die aanbied van spesialis vakke bv. RTT, IT met 4 rekenaarsentrums. Die BLOU STER-teater word genoem asook die laboratoriums, kunsklas en die Magneetskool vir Musiek.
- "LTSM: *Learner and teacher support materials*".
    * Die skool het GDO-boeke en boeke wat leerders aankoop vir privaatbesit.
    * GDO-boeke word kwartaalliks gekontroleer en ingedien aan die einde van die jaar vir hergebruik die volgende jaar. (*Nota: Hier pleit ons vir oueronderstеuning in die herwinning van* ***AL*** *die GDO-boeke aan die einde van die jaar soos deurlopend aan u as ouer gekommunikeer. Hierdie boeke word weer die volgende skooljaar uitgereik aan ons leerders*)
    * Die skool het 'n funksionerende boekwinkel met voorraadbestuurprosesse in plek.
- Holistiese leerder ontwikkeling: "*The school has a myriad of co-curricular activities"*. Die sport en kultuur aanbod van die skool is divers en omvattend. Skoolfasiliteite ondersteun hierdie aktiwiteite.
- Onderrigtyd: Die skoolrooster voldoen nie 100% aan die voorgeskrewe tyd vir klas soos deur die Departement vereis nie. 'n Hersiende rooster sal in 2025 hierdie aspek aanspreek sonder om ontwrigtend vir u as ouer te wees.

6. *"Governance and Relationships":* Beheer en verhoudinge:

- Die Beheerliggaam se samestelling en funksionering voldoen aan Wetlike voorskrifte (vergaderings, bestuur, beleide, e.a.)
- Skoolfinansies
  (*Terloopse opmerking: Randburg het weer vanjaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag gekry*).
  - Beheer en bestuur van finansies is streng en volgens skool se finansiële beleid en regulatoriese rekenkundige-praktyksvoorskrifte.
  - Alle transaksie word deeglik aangeteken en kan maklik ge-oudit word.
  - Ouers het 'n variasie van betalingsmetodes wat dit maklik maak om betalings aan die skool te doen.
  - Die kleinkas word baie goed en akkuraat bestuur.
  - Die begrotingsproses en Algemene Jaarvergadering van die Ouers voldoen aan vereistes.
  - Die Beheerliggaam is betrokke by personeelaanstellings en vereiste prosedures word gevolg.
  - Alle notules en besluite word volgens beleid gedokumenteer en streng beheer.

7. Skoolveiligheid en Dissipline:

- Die leerdergedragskode en dissiplinêre-beleid word effektief toegepas. (*Nota: Die hele gedragskode is tans onder hersiening deur 'n verkose komitee en sal vanaf 2025 gekommunikeer word soos dit finaal aanvaar gaan word.*)
- Die skool het effektiewe prosedures wat omsien na die welstand, welsyn en gesondheid van leerders en personeel in skoolverband. (weer word verwys na die SAU en Help-die-kind fonds).
- Noodhulpvoorsiening is voldoende.
- Sekuriteit gedurende die skooldag is goed.
- Noodplan is geformuleer en een maal geoefen in 2024.
- Voldoende brandblussers is beskikbaar en hersien soos vereis.

8. Skool infrastruktuur:

- Watervoorsiening, kragvoorsiening (kragopwekker) en (boorgat) – hou skool funksioneel wanneer munisipale dienste faal.
- Om te voldoen aan beroepsveiligheidswetgewing moet die skool waarskuwingstekens, nooduitgangstekens en ander aanbring. Ons benodig ook sekere inligtingsborde by die skool se ingange en dié sal mettertyd aangebring word.
- Voldoende kleedkamers is skoon en beskikbaar.
- Klaslokale voldoen aan vereistes. (*Opmerking – die Beheerliggaam beplan om ons klasse op te gradeer en die leeromgewing vir elke leerder nog verder te verbeter. Hierdie sal 'n twee tot drie jaar projek wees en deeglike beplanning word tans gedoen.*)
- Baie waardering is uitgespreek oor die beskikbare fasiliteite en die onderhoud daarvan.

9. Ouers en gemeenskap:

- Ouers ontvang gereeld programme, omsendbriewe, Randjienuus e.a.
- Ouers word genooi na oueraande en wanneer nodig vir spesifieke gevalle of insidente.
- Gemeet aan standaarde is ons ouers aktief betrokke by skoolaangeleenthede bv. oueraande, die Beheerliggaam, ondersteuning by sport en kultuuraktiwiteite.
- Die skool is in noue samewerking met die SAPD, welsynsorganisasies en ander gemeenskaps-inisiatiewe asook plaaslike laerskole.

<u>Opsomming:</u>

Op Vrydag, 13 September is die finale verslag deur die skool in ontvangs geneem en ons deel graag die finale resultaat:

Die skool het 'n totale gradering van 4,8 uit 5 gekry met in agneming van prestasie in al 9 bestuursareas soos hierbo genoem.

Op ons rapport het ons dus 'n **<u>gemiddeld van 96%</u>** verwerf.

Die skool is erken as een van die Top-skole in die land met 'n baie hoë funksioneringsindeks.

Aanbevelings is baie positief verwelkom as deel van ons ingesteldheid om vandag beter te wees, as wat ons gister was.

Die skoolbestuur sal dan ook die enkele tekortkominge herstel in belang van die kinders van ons skool.

Baie dankie aan ons Personeel, Bestuur, Beheerliggaam en Leerders wie hierdie toets met grasie en integriteit deurstaan het, en in werklikheid puik presteer het.

Dankie almal vanaf 'n Trotse Randjie Hoof.



P. Booysen